higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

KRIMINOLOGIE
NKR VLAK 2

(8021022)

22 November 2019 (Y-Vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien NIE.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord ALLE vrae in AFDELINGS A, B en C.

2. Beantwoord SLEGS EEN vraag in AFDELING D.

3. Lees AL die vrae sorgvuldig deur voor jy besluit watter vrae om te beantwoord.

4. Nommer jou antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

5. Los 'n spasie en trek 'n lyn ná die beantwoording van elke vraag op 'n bladsy.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Afwykende gedrag is enige gedrag wat individue in 'n spesifieke samelewing beskou as ...

A verkeerd of onaanvaarbaar.
B reg en aanvaarbaar.
C Geen van boegenoemde nie
D AL die bogenoemde

1.2 'n Kriminoloog se professionele rol is die studie en analise van misdaad en misdadige gedrag vanuit 'n ... perspektief.

A wetenskaplike
B kriminele
C kriminologiese
D AL die bogenoemde

1.3 Die dienshandves vir slagoffers van misdaad (*Slagoffermanifes ('Victims' Charter'))* is deur die kabinet goedgekeur op ...

A 1 Desember 2012.
B 1 Desember 2013.
C 1 Desember 2014.
D GEEN van die boegenoemde nie

1.4 Die slagoffer het die reg om inligting aan te bied tydens die …

A kriminele ondersoek.
B verhoor.
C paroolraadverskyning.
D AL die bogenoemde

1.5 Depressie is 'n siekte wat 'n effek het op 'n persoon se …

A liggaam.
B gemoedstemming.
C gedagtegang.
D AL die bogenoemde

1.6 Gemeenskappe bestaan uit verskeie formele groepe:

A Staatsorganisasies
B Nie-regeringsorganisasies
C Gemeenskapsgebaseerde organisasies
D AL die bogenoemde

1.7 Misdaadinligting is belangrik want dit lig ons in rakende ...

A hoe misdaadvlakke verander oor tyd.
B die aard van sekere misdade.
C wanneer en waar misdade plaasvind.
D AL die bogenoemde

1.8 Misdaadvoorkomingsaksies sluit aksies in deur …

A slegs die regering.
B slegs die gemeenskap.
C slegs die sakegemeenskap.
D GEEN van die bogenoemde nie

1.9 Chemiese versteurings sluit onder andere die volgende in:

A Spierversteuring
B Neurologiese versteuring
C Rugmurgversteurings ('Spinal disorders')
D AL die bogenoemde

1.10 Tipiese gedrag wat aan 'n chemiese versteuring toegeskryf kan word is …

A dieremishandeling.
B eiendomsbeskadiging.
C wegloop van die huis.
D AL die boegenoemde

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Voltooi die volgende sinne deur die woorde te gebruik in die lys hier onder. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

nie-amptelike statistiek; biofisiese faktore; navorsing; beleid; wetenskap

2.1 … kan 'n georganiseerde korpus van kennis beteken, verwerf deur navorsing.

2.2 'n … is 'n plan van aksie om 'n probleem aan te spreek.

2.3 … verwys na moontlike biologiese en fisiese hulpbronne wat tot misdaad mag lei.

2.4 … dui aan dat om 'n slagoffer van misdaad te wees kan lei tot finansiële verlies, eiendomskade en fisiese besering of afsterwe.

2.5 … tree op as 'n bykomende bron van inligting.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n verduideliking uit KOLOM B om by 'n term in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (3.1–3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Wetenskaplike metodologieë	A	poog om misdaad aan te spreek deur middel van die van die inhegtenisname en vervolging van oortreders om toekomstige misdade te voorkom
3.2	Kriminoloog		
3.3	Tradisionele Afrikawette	B	geassosieer met 'n herhaalde, voortdurende oortreding van ander individue se basiese regte en die gemeenskap se norme
3.4	Gedragversteuring		
3.5	Misdaadvermindering	C	benadruk die beskerming van die gemeenskap as 'n geheel
		D	erken die regte van mense en groepe tot hulle eie waardes, houdings en oortuigings en dat dit mag verskil van hulle eie
		E	sosiale wetenskaplikes het die veld van kriminologie ontwikkel deur middel van versigtige studie wat hiervan gebruik gemaak het

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 4

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORD-BOEK neer.

4.1 Metodologie is 'n navorsingsmetode of -prosedure wat gedurende 'n studie gebruik word.

4.2 Die doel van misdaadstatistiek is om ons 'n idee te gee van die omvang en tipe misdaad wat in 'n land ervaar word.

4.3 Die meeste individue in Suid-Afrika is betrokke by misdaadvoorkoming en -vermindering tot 'n groter of mindere mate.

4.4 Families tree op as die sosialiseringsagent wat kinders prososiale of wanaangepaste waardes en norme aanleer.

4.5 Ekologiese kriminologie is die studie van veldlewe en kriminologie.

Kopiereg voorbehou

4.6 'n Kriminoloog is 'n individu wat spesialiseer in die studie van strafreg.

4.7 In die 18de eeu het klassieke kriminoloë die wrede bestrawwing van misdaad bevraagteken.

4.8 Kriminoloë bestudeer ook die impak van misdaad op misdaadslagoffers, gemeenskappe, die staat en die omgewing.

4.9 Die Grondwet van Suid-Afrika beskerm nie die basiese menseregte van alle Suid-Afrikaners nie.

4.10 Menseregte is die basiese regte en vryhede wat aan alle mense behoort.

(10 × 1) (10)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Noem SES fokuspunte (pligte) van 'n kriminoloog. (6)

5.2 Noem SES slagofferregte volgens die Handves van Regte. (6)

5.3 Noem DRIE groepe wat kan optree as hulpbronne vir die Slagoffermanifes. (3)

5.4 Noem VYF belangrike faktore wat oorweeg moet word vir misdaadvoorkoming om vanuit 'n multidimensionele perspektief plaas te vind. (5)

[20]

TOTAAL AFDELING B 20

AFDELING C

VRAAG 6

Lees die volgende koerantuittreksel en beantwoord die vrae.

Voormalige polisiehoof Phahlane, korrupsiemedebeskuldigde, nog nie skotvry nie.

Hofaanklagte kan steeds aanhangig gemaak word.

Voormalige polisiekommissaris, Khomotso Phahlane, is nog nie gevrywaar nie, ten spyte van die terugtrekking van bedrog- en korrupsieaanklagte gister, teen hom. Die Gespesialiseerde Handelshof in Pretoria het gister die staat se versoek vir 'n uitstel van drie maande van die hand gewys. Die NVG het egter aangedui dat die terugtrekking van klagte teen Phahlane, sy vrou, Beauty, en die tweedehandse motorhandelaar, Durandt Snyman, voorlopig was.

'Dit beteken nie (die drie) beskuldigdes is gevrywaar nie. Sodra die ondersoeke afgehandel is, sal ons die saak weer aanhangig maak', het die NVG-woordvoerder in Gauteng, Phindi Mjonondwana gesê. OPOD-woordvoerder, Moses Dlamini het gesê daar is 'n hangende siviele saak in die Noord-Gautengse hooggeregshof waarin Phahlane en sy medebeskuldigdes die lasbriewe betwis. Dlamini het gesê hulle is vol vertroue dat sodra die siviele geding afgehandel is, die saak weer op die rol geplaas sal word.

Die drie beskuldigdes het ses aanklagte van bedrog en korrupsie in die gesig gestaar, vir vermeende beloning van Snyman, wat na bewering maatskappye, wat sake gedoen het met die SAPD, gehelp het om gunslone te betaal aan Phahlane en sy vrou, 'n brigadier in die SAPD. Privaatondersoeker, Paul o' Sullivan, wat aanklagte teen Phahlane gelê het, sal spoedig herarresteer word. Phahlane het gister geweier om kommentaar te lewe.

[Bron: *Sowetan Live 8/6/18*]

6.1 Wat is 'n *geregtelike proses*? (2)

6.2 Die saak teen die voormalige polisiehoof is voorwaardelik teruggetrek omdat die landdros die staat se versoek vir uitstel van die hand gewys het.

Verduidelik die rolle en verantwoordelikhede van die Suid-Afrikaanse howe binne die strafregplegingstelsel in hierdie land. (12)

6.3 Identifiseer DRIE verskillende bronne van polisiemisdaadstatistieke. (3)

6.4 Analiseer oortrederregte met verwysing na die beskerming van menseregte, soos uiteengesit in die Suid-Afrikaanse Grondwet. (5)

6.5 Wie is die TWEE ander beskuldigdes wat saam met die voormalige polisiehoof aangekla is? (2)

Kopiereg voorbehou

6.6 Suid-Afrika se Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie beoog om misdaad te bekamp deur 'n strategie wat gebaseer is op 'n vier pilare.

Noem die VIER pilare van die Nasionale Misdaadvoorkomingstrategie. (4)

6.7 Wat is die aanklagte wat teen Phahlane en sy medebeskuldigde aanhangig gemaak is en wie het die saak aanhangig gemaak? (2)
[30]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

Beantwoord enige EEN van die vrae uit hierdie afdeling.

VRAAG 7

7.1 Misdaadstatistiek is afhanklik van die akkurate rapportering van misdaad. Analiseer probleme rakende die onder-rapportering van misdaadinligting. (10)

7.2 Verduidelik die invloed van mikro-sosiale faktore op misdaad. (5)

7.3 Analiseer tegnieke vir die meet van kriminele viktimisering. (5)
[20]

OF

VRAAG 8

8.1 Definieer die konsepte *misdaadvermindering en voorkoming.* (10)

8.2 Analiseer die invloed van portuurgroepe op misdaadveroorsaking. (10)
[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou